*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 18 Januarie 2026**
**2e Sondag ná Epifanie**

**Wanneer – ná alle geswoeg en in diep waters – jy ontdek Wie Jesus is, volg die bevryding én die roeping vir 'n nuwe jaar!**

*"Toe Jesus klaar gepraat het, sê Hy vir Simon: 'Gaan uit na die diep water, en laat sak julle nette daar om vis te vang.' 'Meester', antwoord Simon, 'ons het die hele nag deur geswoeg en niks gevang nie, maar op u bevel sal ek die nette weer laat sak.'...*
*Toe hulle daar aankom, het hulle albei bote so vol gemaak dat dit begin sink het.*
*Toe Simon Petrus dit sien, val hy voor die knieë van Jesus neer en sê:*
*'Gaan weg van my, Here, want ek is 'n sondige mens.'*
*Verwondering het hom en almal saam met hom aangegryp...*
*Jesus het egter vir Simon gesê: 'Moenie bang wees nie. Van nou af sal jy mense vang.'*
*Nadat hulle die bote op die strand getrek het, het hulle alles gelos en Hom gevolg."*
(Lukas 5:4-5, 7-8)

Op die eerste gesamentlike Sondag van 2026 – ons gemeente Berg-en-Dal se 70ste bestaansjaar – lees ons weer die (ou-ou) verhaal oor "die roeping van die eerste dissipels" uit die Evangelie volgens Lukas. Soos baie vorige kere al deur die afgelope sewe dekades, hierdie bekende roepingsverhaal. En soos baie vorige jare ook al, wetende dat hierdie jaar waarskynlik nie maklik gaan wees, ons nuwejaarsvoornemens gou gaan verwelk, ons heelwaarskynlik meermale slegte nuus gaan kry... voel jy om die woorde van Petrus te sug, óns ook: *"Meester, ons het die hele nag deur geswoeg en niks gevang nie..."* (Lukas 5:5). Een kommentaar herinner tereg aan hoe die Vroeë Kerk hierdie teks gelees het: dit gaan om die *ecclesia militans*, "die strydende kerk"; gelowiges wat in hul eie lewe en die Kerk op haar weg deur die eeue, "swoeg" en "niks vang", uitgelewer aan donker nagte en groot golwe, baie keer by moedverloor verby, 'n moegheid sonder uitsig...

En dán kom die ontdekking telkens tóg weer, miskien vandag vir jou die eerste keer, miskien juis ook nodig vir Berg-en-Dal om te hoor, núút te hoor: Wie Jesus op sy woord/Woord neem – "maar op u bevel" (5:5) – en dieper roei, ontdek Wie Hý régtig is; kyk, die "Meester" (5:5), word "Here" (5:8)... en kom tot die selfontdekking van wie ék regtig in Sy teenwoordigheid is (5:8). En dan volg dit onvermydelik, hierdie bevrydende ervaring: die groot verskil *("Here, gaan weg van my..."* 5:8); die groot "verwondering" (5:9); die onverwagse vryspraak (*"Moenie bang wees nie..."* 5:10) en die onweerstaanbare roeping om Hom te "volg" (5:11).
Dít is waarheen Jesus ook vir ons, Berg-en-Dal, en in 2026, ons 70ste jaar, roep.
Kom saam.

**JL.**

Hartlik welkom by ons gesamentlike erediens vanoggend – die eerste groot Sondag van 2026 – gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout.
Welkom aan alle besoekers, nuwelinge en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.
Ds. Janke Hurter lei die diens by Huis Eie Haard.

# LITURGIE

**Aansteek van Wydingskers**

**Wydingslied:** "Heilige Jesus, Heer van die here" (Lied 168:1)

**Ruiling van Kanselkleed:** Van die Ster van Advent en Epifanie, na die Alfa en Omega

**Wydingslied:** "U is die Alfa, en die Omega" (Lied 168:3)

**Votum en seëngroet**

**Eerste Loflied:** Lied 552:1, 2, 3, 4 (hieronder) en 5 – sittend

"Liewe Vader, ek sê dankie vir U kerk, met plek vir my –
by ons lied en die gebede, kom u Woord en maak ons vry."

**Tweede Loflied:** "Juig almal tot Gods lof en eer" (Psalm 100:1, 2 en 3)

**Gebed**

**Eerste Skriflesing:**

**Kindermoment en voorstelling van Kategete**

**Gebedslied:** "Jesus, ons loof U!" (Lied 542:1 en 2)
(Terwyl ons sing gaan al die kleiner kinders tot Graad 4 met hul kategete na die saal)

**Tweede Skriflesing:** Lukas 5:1-11

**Verkondiging**

**Geloofsbelydenis:** "Enigste Here, enkele Wese" (Lied 265:1 & 2)

**Uitnodiging en toewyding** (liturg lei gemeente in ons Roepingsverklaring)

**Offergawe van liefde en dank**

**Slotlied:** Lied 205:1, 2 en 3 – staande

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 18 Jan | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Eerste Sothodiens) |
| | 18:00 – Ds. Johan Marais (Week van Gebed Begin) |
| Maandag tot Donderdag | 19:00 – Ds. Johan Marais (Week van Gebed) |
| Sondag, 25 Jan | 09:30 – Ds. Johan Marais; gesinsdiens in saal – ds Janke Hurter |
| | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens) |
| | 18:00 – Ds. Jan Lubbe (Taizé) |

## WEEK VAN GEBED 2026:

"'n Liefde wat my nooit los nie"
Jy word uitgenooi om vanaand (18:00) en hierdie week Maandag tot Donderdag (19:00) saam te kom lees, luister en bid; só wil ons die jaar 2026 begin.
Ds. Johan Marais lei ons Week van Gebed.

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat verlede week en in die komende week verjaar:

18 Jan. Lenay Bezuidenhout, Gerhard Geldenhuys, Nathan Herbert, Do-Jo Jordaan en Wilhelm Potgieter.
19 Jan. Ludwig Koekemoer, Louis Lategan, Dewald Pretorius, Monja Scheepers en Carlin van Rooyen.
20 Jan. Lukas Kruger, Carine Luwes en Hein Syfert.
21 Jan. Martie Laas en Anke Norval.
22 Jan. Carien Botha, Johnnie de Wet, Jaco Geldenhuys en Manie Pickard.
23 Jan. Seef Hefer en Moné Jordaan.
24 Jan. Theo Combrink, Annette de Wet, Pieter Muller, Gerda Pretorius, Charlene Smith en Jors van der Schyff.

Daar was in die vakansietyd – Desember en tot nou – soveel lief en leed om te deel: Gustav en Marisan Carshagen is getroud; oor twee weke trou Marlene Herbst en CA Menedes; afgelope week kon ons die wonderlike uitslae van ons Matrieks vier! Baie geluk aan hulle en hul ouers! Ons beste wense gaan dié nuwe jaar en toekoms met jul in...
Daar was die hartseernuus dat Tannie Elsa Joubert se broer én skoonsuster oorlede is; Cas Harris se broer; Tannie Donais Lamprecht het heengegaan; Izak Herbert ná sy lang siekbed; verlede Saterdagoggend Oom Jan van Rooyen – aan hierdie families, ons meelewing...
Neels en Susan Jacobs, jarelange lidmate van Berg-en-Dal, het verhuis na Westerbloem; ons bid hul ook daar die Here se nabyheid en seën toe.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Nico Wilson (Albrechtstr. 122, wyk 7a); Louis Kruger (Strydfontein-plaas, wyk 13a); Tannie Magriet Benade (Santé 5, wyk 18b); Leona en Abie Geldenhuys (Rusticana 10, wyk 8c) en Vilca Rawlins (Sewe Damme 77, wyk 8b). Ons dink aan ander wat steeds tuis versorg word, en ook aan diegene wat 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun.

Vir Pastorale Sorg:
As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak gerus ds. Johan Marais (084 517 8052) wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**
Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid. **Ons Bybelstudies hervat net ná die Week van Gebed, vanaf 28 en 29 Januarie 2026.**

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
Baie dankie aan Barmhartigheidsbediening (Jaco van Niekerk) en vrywilligers wat in Desember 2025 vir ons gasvryheid gesorg het. Nou in Januarie is **Barmhartigheid**, ‘n aantal vrywilligers en **Wyk 6** (blok rondom Willem Postma Laerskool) aan diens; Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy graag ook hiermee wil help kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

**Vir jou 2026 Vroegjaar-Dagboek:**

| | |
|---|---|
| Eerste Jeugdiens | 1 Februarie (met Miané Smit!) |
| Bedieningsvergaderings begin | Vanaf 2 Februarie |
| Werkersklas vir Huishulpe | Dinsdag, 3 Februarie |
| Eerste Seniorbedieningsoggend | Woensdag, 11 Februarie |

## KANTOORPERSONEEL



Denise Louw
(Skriba)



Marthina van Zyl
(Kassier)



Pieter Wilken
(Terreinbestuurder)

**Kontak ons gerus met enige navrae oor ons gemeentelike lewe.**
Daar is vanoggend ‘n **Inligtingstafel in die binnehof**, met alle inligting, ons Almanak 2026 en katkisasieboeke beskikbaar – kom kry wat jul nodig het om in Berg-en-Dal tuis te kom en mee te leef. Veral nuwe intrekkers! Oudlimate: kom dateer ook jou inligting op ons datastelsel op.

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**
**Vrouekomitee:** Dagboek ook 20-21 Februarie 2026 vir die **NG Kerk Vrystaat Vroue-konferensie** te Amanzi met dr Roedolf Botha as spreker – kontak Germarie Adendorff indien jy nog wil saamgaan (079 038 4038).

**EREDIENSKOLLEKTE: ‘n LIEFDESGAWE**

SnapScan

Die eredienskollekte op ‘n Sondagoggend en -aand, is ‘n liefdesgawe uit dank-baarheid vir God se sorg en seën. Ons gee ‘n tiende daarvan (10%) ter onder-steuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 19 Januarie: **Vennootskap Studente-bearbeiding.** U kan ‘n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**